



Jrg. 8 Kaapstad, Woens., 16 Maart 1949 Prys 3d. No. 17

TOE O.B. KIESERS AANGERY HET

Op 26 Mei 1948 het tientalle O.B.-lede en offisiere aktief deelgeneem aan die verkiesing in Vasco. Soos in 'n veertigtal setels elders was binne daardie kiesafdeling die stryd teen die O.B. gestaak en kon lede dus sonder verloëning van hul kamerade en hul selfrespek die H.N.P.-kandidaat ondersteun. Laasgenoemde het teen die gewildste minister van die Smutskabinet gestaan, naamlik mnr. J. W. Mushet, wat nog die voordeel gehad het dat almal weer 'n Smutsregering verwag het en dus nie mnr. Mushet daarin wou mis nie.

Op stembag het etlike O.B.-offisiere en lede met hul eie motors kom stemme aanry vir die H.N.P.-kandidaat. Onder

die motors was ook die stafmotor van die O.B.-hoofkwartier. Die uitslag was dat die H.N.P.-kandidaat met slegs 186 stemme uitgeval het

Met die verkiesing verlede week kon O.B.-lede nie weer help nie omdat die diskriminasie teen mede-Afrikaners en O.B.-lede opnuut gehandhaaf is deur die H.N.P.-leiding. Geen O.B.-motor het dus daardie dag stemme aangery nie.

Dit was dieselfde H.N.P.-kandidaat van 26 Mei teen 'n veel swakker V.P.-kandidaat. Maar hy het hierdie keer verloor met 701 stemme.

Is elke Afrikanerkrag dan nie nodig in die stryd van ons volk nie?

Die Herenigde Nasionale Party se toets van 9 Maart het misluk. Die uitslae van die provinsiale verkiesings het ondubbelsinnig aangetoon dat die H.N.P. nie sterk genoeg is om die land alleen te regeer nie. Hoewel die Afrikanerparty geen enkele kandidaat gestel het nie, en derhalwe 'n onbelemmerde geleentheid aan die H.N.P. gelaat het om die Verenigde Party van genl. Smuts te verslaan, kon die H.N.P. nie eers die prestasie van die nasionaalgesindes op 26 Mei ewenaar nie — en dit na nege maande van bewind.

Die Nasionale kan bly wees dat die provinsiale verkiesings op 9 Maart nie 'n volksraadsverkiesing was nie — want dan was genl. Smuts en die V.P. op 10 Maart weer aan bewind! Ooreenkomstig parlementêre afbakening het die H.N.P. op 9 Maart maar 75 volksraadsetels verower, wat beteken dat genl. Smuts en sy bondgenote oor 77 stemme in die Volksraad sou beskik het.

VINGERWYSING

Die verkiesings op 9 Maart behoort vir die H.N.P.-leiers 'n vingerwysing te wees. As gevolg van hul weiering om met mede-Afrikaners saam te werk was hulle verantwoordelik vir 'n onnodige verkiesingsagteruitgang pas nege maande na die roemryke saamwerk-oorwinning van 26 Mei. Ons wil vertrou dat die les ter harte geneem sal

word, die les nl. dat Afrikanersamewerking noodsaaklik is vir 'n Afrikaneroorwinning.

In die praktyk beteken die les dat die samewerking tussen die H.N.P. en die A.P. moet voortduur indien die nasionale regering aan bewind wil bly. En indien die samewerking moet voortduur moet die H.N.P. volledige erkenning verleen aan sy A.P.-bondgenoot en moet die H.N.P.-leiers ophou om te diskrimineer teen lede en kandidate van die bondgenootparty. Die H.N.P. se plig in hierdie verband is duidelik.

'n Interessante verskynsel in hierdie verkiesing was die skielike gebruik wat die V.P. in die laaste week van die verkiesing gemaak het van die argument dat die ekstremiste in die H.N.P. sal slaag in hul pogings om mnr. Havenga uit die kabinet tewerp indien die H.N.P. 'n vol-

Nodig Is

slae oorwinning by die stembusse behaal. En die H.N.P.-leiers sal goed doen om te onthou dat menige Engels-sprekende kieser hierdie keer vir die V.P. gestem het omdat hulle terugdeins vir 'n H.N.P.-bewind sonder mnr. Havenga se matigende invloed.

50,000 STEM NIE

Op 9 Maart was daar ongeveer 30,000 meer kiesers op die lys as op 26 Mei van verlede jaar. As 80 persent van die nuwe kiesers gestem het moes daar 24,000 meer kiesers op 9 Maart gestem het as wat op 26 Mei gestem het. Nietemin het 29,376 minder kiesers op 9 Maart gestem as wat daar op 26 Mei verlede jaar gestem het. M.a.w. 'n getal van 53,376 kiesers wat normaalweg moes gestem het, het van die stembusse weggebly.

Bowendien is op 9 Maart 33,276 minder stemme teen genl. Smuts en die V.P. uitgebring as op 26 Mei van verlede jaar. Hierdie betekenisvolle syfer is soos volg verkry: As aan die H.N.P. 5,000 stemme toegeken word vir die onbestrede setel Oudtshoorn; 2,500 stemme elk vir die twee onbestrede Vrystaatse setels; dieselfde aantal stemme as wat die party op 26 Mei gekry het in die ander onbestrede setels; al die stemme van die Onafhanklike kandidaat in Ermelo; die helfte van die totale aantal stemme wat op Onafhanklikes uitgebring is; en boonop nog 13,000 stemme vir daardie setels waar die V.P., anders as op 26 Mei, nie weer deur kandidate van ander groepe bestry is nie, dan is daar op 9 Maart 468,398 stemme teen genl. Smuts en die V.P. uitgebring. Op 26 Mei was die syfer 501,674.

Dit beteken dat 33,276 mense wat op 26 Mei 1948 TEEN veldm. Smuts se Verenigde Party gestem het, dit hierdie keer nie gedoen het nie, omdat hulle nie VIR die H.N.P. wou stem nie!

MORELE NEDERLAAG

Ooreenkomstig die volksraadsetels wat die H.N.P. en die A.P. op 26 Mei verlede jaar verower het, moes die H.N.P. op 9 Maart 91 provinsiale setels gewen het. Die H.N.P. het egter maar 87 setels gekry. (Daar moet nog 'n verkiesing in Gezina plaasvind.) Dus 'n agteruitgang van vier setels. Op 26 Mei het die H.N.P. en die A.P. 79 volksraadsetels ver-

(Vervolg op bl. 8, kol. 5)

Erkennings Van H.N.P.-Blad Voorspel Samewerking

In een van die merkwaardigste hoofartikels van die afgelope jare kom Die Burger van 14 Maart tot sekere gevolgtrekkings na aanleiding van die verkiesingsuitslag — gevolgtrekkings wat as dit 'n weerspieëling is van wat in H.N.P.-kringe gedink word, moet lei tot 'n beter verstandhouding tussen nasionaalgesindes in die toekoms.

Die eerste gevolgtrekking is dat 26 Mei nie 'n frats was nie, en dat die nederlaag van genl. Smuts bevestig is. Die tweede is dat hoewel die H.N.P. hierdie keer sonder die A.P. geveg het, „was die uitslag by albei

geleenthede wesenlik dieselfde.”

„Die derde feit van betekenis is dat Engelssprekende voor- en teenstanders van apartheid met geringe uitsondering saam Sap gestem het. . . . Hulle het gestem nie teen die apartheidse beleid nie, maar teen die Broederbond-gogga.

EENHEID NOODSAAKLIK

„'n Vierde feit wat op die onmiddellike toekoms 'n invloed van betekenis moet uitoeven, is dat die land vandag byna gelyk-op tussen voor- en teenstanders van die Regering verdeel is. . . . Hierdie feit gaan die taak van die Malan-regering buitenge-

woon bemoeilik, te meer waar die anti-nasionale blok die oor van die buiteland het en waar ons land 'n kritieke tydperk op finansiële en ekonomiese gebied moet deurmaak. Juis hierdie feit lê 'n baie groot verantwoordelijkheid op elke Nasionale leier en maak dit gebiedend noodsaaklik dat die Nasionale kragte op die mees doeltreffende wyse in 'n eenheid saamgesnoer moet wees. Regverdiging vir die afsonderlike voortbestaan van twee partye binne hierdie blok is daar vandag nie meer nie, allermens na die uitslag van 9 Maart. Dit is 'n weelde wat Nasionale Suid-Afrika hom in die omstandighede van vandag nie kan veroorloof en die belange van Suid-Afrika nie kan bekostig nie.”

MNR. HAVENGA

Die erkenning van Die Burger ten opsigte van die Engels- (Vervolg op bl. 8, kol. 4)

VRYHEIDSFEES

Die Ossewabrandwag het Vryheidsdag vanjaar weer landswyd gevier. Ons foto links toon die Vryheidsvuur op die kruin van Amajuba. In die middel is hfgnl. John Vorster aan die woord tydens die fees in die Paarl. Regs is hy besig om die houtstapel aan te steek. Op die agtergrond is 'n gedeelte van die 100 Boerejeuglede met fakkels. By hierdie geleentheid het genl. Vorster onder meer gesê: „Laat die vryheidsvlam in u harte hoog brand tot die dag aanbreek dat ons 'n brandstapel maak van die dokumente van Vereniging.”



Immigrante Vermeerder

Daar het verlede jaar byna 7,000 meer immigrante die Unie binne gekom as die jaar tevore ten spyte van die vrees aan Engelse kant dat die nuwe regering immigrasie sou inkort.

Die syfers vir 1948 is 25,631 en vir 1947 28,839. In 1946 het 11,256 immigrante die land ingekom.

Verlede jaar het 7,537 blankes die land verlaat.

Vrugtefees Constantia

Die jaarlikse vrugtefees ten behoeve van O.B.-dagfonds op die plaas Welgeleë, Constantia, van mnr. en komdte. J. R. Lagetan, vind plaas op Saterdag, 19 Maart. Dr. Erika Theron, hoofvrou van Wes-Kaapland, sal die verrigtinge open.

Almal word hartlik uitgenooi om die fees by te woon.

„Ons Het Mekaar Nodig” Sê H.N.P.

Die O.B. verneem dat etlike H.N.P.-lede van die parlement na die uitslag van die verkiesings teenoor A.P.-lede erken het dat dit duidelik is dat die twee partye mekaar nodig het. „Ons kan nie sonder julle klaarkom nie; dit is duidelik,” het een lid gesê.

Die verhouding tussen die lede van die twee partye was dan ook na die verkiesing hartliker as ooit te vore, word ons meegedeel.

H.N.P. Agteruit In 47 NOG ELF SETELS En Vooruit In 24 Setels MOES NASIONAAL GEWEES HET

Behalwe dat die H.N.P. in hul kragmeting met die V.P. waarin hulle grootliks die steun van die A.P. en O.B. ontbeer het, Paarl, Bredasdorp en Noordoos-Rand moes inboet, het die meerderheid wat die H.N.P. in baie kiesafdelings, in vergelyking met 1948, aansienlike dalings in een-en-dertig Kaaplandse en Transvaalse setels geopenbaar. Daarteenoor het die meerderhede van die V.P. net in vier kiesafdelings gedaal.

Terselfdertyd het die H.N.P. se meerderhede in Kaapland en Transvaal in twintig setels gestyg, terwyl die V.P. in sestion setels sy meerderheid opgeskuif het.

Soortgelyke vergelykings kan ongelukkig nie in Natal en Vrystaat gemaak word nie omdat die setelaffakening vir die provinsiale verkiesing daar nie dieselfde is as vir die algemene verkiesing nie.

In die provinsies Transvaal en Kaapland het die H.N.P. dus

IS NIE KIESERS

Die Sekretaris van Binnelandse Sake het in sy hoedanigheid as hoofkiesbeampte, die beslissing van die kiesbeampte van Johannesburg bevestig dat mev. V. Ballinger en sen. W. Ballinger nie in die kieserslys opgeneem moet word nie.

Die Ballingers het hulle verzet teen die beslissing van die Johannesburgse kiesbeampte en hulle op hoër gesag, nl. die Sekretaris van Binnelandse Sake, beroep. Hy het egter saamgestem met die Johannesburgse kiesbeampte.

agteruitgeboer in 47 setels en vooruit geboer in slegs 24 setels.

Indien hierdie syfers nie vir Afrikanerleiers 'n vingerwysing en duidelike openbaring is dat alle Afrikanerkragte nodig is om die V.P. uit die kussings te hou nie, dan wonder mens wat hul tot hierdie insig sal laat kom.

In die volgende een-en-dertig setels het die H.N.P. se meerderhede gedaal:

Calvinia, 72.
Aliwal-Noord, 168.
Malmesbury, 316.
Stellenbosch, 119.
Graaff-Reinet, 91.
Kuruman, 3.
Swellendam, 213.
Vryburg, 405.
Barberton, 437.
Bethal-Middelburg, 336.
Brits, 537.
Christiana, 246.
Germiston, 250.
Groblersdal, 129.

Heidelberg, 65.
Kempston Park, 655.
Klerksdorp, 187.
Krugersdorp, 187.
Lichtenburg, 102.
Lydenburg, 164.
Mayfair, 218.
Pietrusburg, 346.
Potchefstroom, 100.
Pretoria-distrik, 618.
Pretoria-sentraal, 231.
Randfontein, 249.
Ventersdorp, 204.
Westdene, 651.
Witbank, 477.
Wolmaransstad, 50.
Zoutpansberg, 149.

TOTAAL: 8,106.

Die Verenigde Party se meerderheid het in die volgende vier setels gedaal:

Hottentots-Holland, 119.
Port Elizabeth-distrik, 270.
Alberton, 42.
Vereeniging, 588.

TOTAAL: 1,019.

Die vermeerderings van die H.N.P. se meerderhede in die 20 Kaaplandse en Transvaalse setels was as volg:

Victoria-Wes, 335.
De Aar-Colesberg, 56.
Parow, 389.
Moorreesburg, 234.
Kimberley-distrik, 56.
Uitenhage, 415.
Worcester, 37.
Beaufort-Wes, 612.
Ceres, 117.
Cradock, 372.
Gordonia, 492.
George, 278.
Brakpan, 14.
Losberg, 1,084.
Maraisburg, 181.
Marico, 71.
Pretoria-wes, 401.
Wakkerstroom, 34.
Standerton, 1.
Waterberg, 21.

TOTAAL: 5,535.

Terselfdertyd het die Verenigde Party in die volgende sestion setels hul meerderhede opgeskuif:

Vasco, 516.
Caledon, 155.
Paarl, 401.
Port Elizabeth-noord, 214.
Albany, 18.
Bredasdorp, 550.
Fort Beaufort, 2.
Kimberley-stad, 1,155.
Boksburg, 851.
Johannesburg-Wes, 372.
Johannesburg-noord, 809.
Nigel, 59.
Noord-oos Rand, 152.
Roodepoort, 492.
Springs, 322.
Turffontein, 910.

TOTAAL: 6,911.

Die verhouding tussen die twee partye het dus in 47 setels vir die H.N.P. verswak met 'n totaal van 15,017 stemme, en in 24 setels verbeter met 'n totaal van 6,559 stemme.

Die H.N.P. wat van die provinsiale verkiesings 'n toets gemaak het om vas te stel hoe sterk hy alleen staan, kon in geen kiesafdeling, behalwe Brakpan, daarin slaag om die klein meerderheid waarmee die V.P. sommige setels verlede jaar in Kaapland en Transvaal verower het, in meerderhede vir die H.N.P. om te sit nie. In ruil vir Brakpan het die V.P. egter Noordoos-Rand van die H.N.P. afgeneem — iets wat nie moes gebeur het nie.

Die H.N.P. in Transvaal het geen geheim daarvan gemaak dat hulle al hul kragte ingespan het om setels soos Nigel (V.P.-meerderheid 156); Johannesburg-Wes (V.P.-meerderheid 32); Brakpan (V.P.-meerderheid 2) en Alberton (V.P.-meerderheid 171) te verower nie. Hoewel hulle daarin geslaag het om Brakpan met 10 stemme te verower en die Alberton-meerderheid van die V.P. met 42 verminder het, kon hulle geen sukses behaal in Nigel en Johannesburg-Wes nie. Hier het die V.P. hul meerderhede van 1948 met 59 en 372 opgeskuif.

KAAPLAND

In Kaapland het die H.N.P. hom hoofsaaklik toegespits op

NOG 'N SETEL VAN ROOIES IN GESANTSKAP

„Die Sowjet-verteenvoording in Bangkok is die sentrale organisasie vir Russiese propaganda en „tegniese dienste“ in Suidoos-Asië,” skryf 'n waarnemer van Review of World Affairs. „Die personeel onder Serge Neicima is aansienlik vermeerder en daar is 'n M.W.D.-afdeling.” Die blad verklaar dat die belangrikste taak van die gesantskap is om Kommunistiese groepe, onder die dekmantel van nasionalisme, te versterk.

NATAL

In Natal het die H.N.P. hul hoop op Durban-Umlazi gevestig asook op vyf plattelandse setels. In Durban-Umlazi het die H.N.P. 'n neerlaag van 1,659 gely terwyl slegs Vryheid en Dundee verower is.

In die Vrystaat behoort die H.N.P. al die setels te gevat het, aangesien Bloemfontein Stad — wat hierdie keer in vier verdeel was — met 262 in die algemene verkiesing verloor is.

Tesame met die minstens nog drie verwagte Natalse setels kon daar dus elf setels meer gewen gewees het as daar vooruitgang was soos Stellenbosch laat hoop het.

Dit sou die H.N.P. 'n meerderheid van 25 gegee het teenoor sy huidige drie.

SPOORWEE VRA NOG NA O.B.-SKAP

Die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens se jongste aansoekvorm om werk wat deur applikante voltooi moet word, bevat onder meer nog die vraag: „Is u 'n lid van die Ossewabrandwag of op enige wyse daarvan (daaraan) verbonde?” berig Dagbreek.

Met die verbod wat aan die begin van die oorlog geplaas is op die lidmaatskap van die O.B. in die staatsdiens, moes applikante by aansoek om werk in die Spoorweë verklaar of hulle lede van die O.B. is al dan nie. Dieselfde eise is ook gestel ten opsigte van die Broederbond.

Die verbod op die lidmaatskap van die O.B. en A.B. in die staatsdiens is, egter verlede jaar met die bewindsaanvaarding van die nuwe regering opgehef. Ten spyte hiervan, vereis die Spoorweë vandag nog inligting van applikante aangaande hul lidmaatskap van die O.B.

Ons wil hoop dat dit 'n administratiewe versuim is aan die kant van 'n amptenaar.

(Vervolg van bl. 3, kol. 3)

om nou hul bekwaamheid in diens van die volk te stel, dog verplig word om niks meer te gee as die Kleurling van die Kaap nie, dan ly die volk daaronder skade.

Want om lid te wees van die parlement en provinsiale rade is óf 'n blote ereposisie, en dan moet diegene wat 'n monopolie daarop begeer, dit sê, óf dit is 'n diens aan die volk wat ook 'n plig en nie net 'n reg nie meebring.

Indien dit eersgenoemde is, dan kan geen beswaar gemaak word dat O.B.'s daar uitgehou word „vir hul straf” omdat hulle republikeinse ideale koester nie. Indien dit egter laasgenoemde is, dan het niemand, ook nie dr. Malan nie, die reg om hulle van hul diens aan hul volk na die beste van hul vermoë te weerhou nie.

Ons volk het elke talent en elke krag nodig van sy seuns.



„Elke Sigaret 'n Meesterstuk”

Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar.

Rembrandt

ROOI VIR KURK GROEN VIR ONGEKURK

„Die sigaret wat u altoos graag wou rook.”

O.B.'s Het Reg Sowel As Plig Binne Partye

Aangesien dit O.B.-lede wat in die afgelope verkiesing buite stemming gebly het, kwalik geneem mag word, is dit nodig dat ons 'n argument wat in hierdie geval teen hulle gebruik word, afhandel.

Almal erken dat die breuk met die A.P. hoofsaaklik en met die O.B. uitsluitlik gekom het oor die H.N.P.-leiding se weiering om drie A.P.-kandidate wat ook lid van die O.B. is, te aanvaar.

Nou word dit die O.B. verwyt dat hy en nie dr. Malan, wat in die eerste instansie die stryd opgewek het weens sy veto, die verantwoordelikheid vir die ongunstige uitslag van die verkiesing dra en wel omdat sy lede aan 'n partylose ideaal glo, „en tog darem as kandidate van partye aan die partystryd wil deelneem”.

Dieselfde mense wat die O.B. die reg ontsê om as kandidaat aan die verkiesing deel te neem, neem die O.B. baie kwalik wanneer hy as kieser geen deel aan die verkiesing wil neem nie. Maar wat se logika is dit? Indien die O.B. se ideaal van 'n partylose republiek dit belaglik vir hom maak om as kandidaat deel te neem, dan maak sy deelname daaraan as kieser hom mos tog ook belaglik. Daar is immers geen beginselverskil tussen deelname aan die partypolitiek as kieser en deelname daaraan as kandidaat nie — dit is mos maar net 'n verskil in taak — die een dra sy stem by en die ander sy persoon. As ek aan my vader sou sê dat dit tyd is om 'n nuwe huis te bou omdat die oue myns insiens nie meer deug nie, dan sou dit belaglik van my vader wees om nou te sê: „Seun, aangesien jy nou nie meer tevrede met hierdie huis is nie, is jy nie meer welkom daarbinne as kind nie. Jy kan wel nog die vloere vryf as bediende.”

EEN OF DIE ANDER

Laat ons dit so stel: Of die partystelsel is geheel en al onbekwaam om enigiets in belang van die land te doen, en dan is dit onsinnig om my op te kommandeer om daaraan deel te neem hetsy as stemgee of as kandidaat, of dit is wel nog in staat om — hoe beperk ook al — iets vir die volk te doen — en dan is dit my taak om solank daardie stelsel staan, my plig daarbinne ook te doen na die beste van my vermoë. Waar ek niks meer as my stem kan aanbied nie, bring ek as kieser my stem. Waar ek groter talente het en dus as parlaments- of provinsiale raadslid 'n groter taak kan verrig, daar is dit nie net 'n reg maar ook 'n plig van my om daardie deel aan te bied. En die een wat dit weier skakel 'n krag in belang van volk en land uit.

WAT O.B. GLO

Wat is nou die O.B. se houding? Die O.B. glo dat die partystelsel nie die groot vraagstukke kan oplos nie — die partye glo dit ook, daarom pleit hulle teenoor mekaar vir die uittligting van die vraagstukke uit die „partypolitieke arena,” dog tevergeefs. Maar die O.B. glo verder dat jy swakker en beter, gevaarliker en welwillender partye aan bewind kan hê, en solank jy die stelsel het, moet jy daarbinne doen wat jou hand vind om te doen — elkeen volgens die beste van sy vermoë. Daarom het geen O.B. ooit van sy leiding opdrag gekry om as lid van sy party te bedank nie — selfs nie toe die O.B. in 1941 op die toppunt van sy krag gekom het nie. Toe was die leuse dat 'n goeie O.B. ook 'n goeie H.N.P. is en omgekeerd. So hardnekkig het die O.B.'s vasgekleef aan die party „waar-aan,” soos gesê word, „hulle nie glo nie” en waarbinne hulle tog

nog hul plig wou doen, dat die H.N.P.-leiding hulle met kongresbesluite moes uitskop.

En toe die Afrikanerparty sy deure vir hulle oopmaak, het hulle daar ingestroom om hul plig binne die huidige onbevredigende stelsel te doen, hoewel hulle bly glo dat die republikeinse stelsel beter was.

Dus: of die O.B.'s het reg om hul plig as burgers binne die partystelsel te doen, en dan moet hulle ook as kandidate aanvaar word, of hulle het geen reg of plig om daaraan deel te neem nie en dan het niemand die reg om hulle kwalik te neem as hulle hul stemme vir hulself hou nie.

MOET MEESTE WEES

En aan die vromes buite die O.B. wat maan dat die O.B.'s maar die minste moet wees en nie ter wille van „posisies” verdeeldheid moet bring nie, sê ons — behalwe hulle te versoek om dieselfde vermaning ook aan die ander adres te stuur — dat dit nie 'n kwessie van „die minste” te wees is nie, maar van „die meeste vir my volk”. Ons volk het die maksimum bydrae van elke Afrikaner in sy stryd nodig op watter gebied dit ook al mag wees. En as manne wat voorheen leiers was binne die H.N.P. en deur laasgenoemde aangewys was as kandidate, belet word

(Vervolg op bl. 2, kol. 5)

Bewys Gelewer Dat O.B.-Lede Stemme Kan Trek Soos Enige Ander Kandidaat

Met die verkiesing nou agter die rug is dit maklik om uitspraak te gee oor die vraag of die teenwoordigheid van 'n O.B.-offisier in 'n verkiesing vir die H.N.P. stemme wegjaag of nie. Hierdie vraag het veral in die Paarl na vore gekom waar H.N.P.-segsmanne beweer het dat die O.B. se teenwoordigheid op hul verhoog tydens die algemene verkiesing verlede jaar tot hul nadeel en nie hul voordeel was nie.

Soos onthou kan word, het die H.N.P. van die Paarl verlede jaar 'n ooreenkoms met die O.B. aangegaan waarin wedersydse steun aan mekaar beloof is op terreine van gemeenskaplike belang. Ingevolge hierdie ooreenkoms het O.B.-offisiere, o.a. genl. Max Smuts wat hierdie keer deur die Afrikaner Party as kandidaat in die Paarl benoem was, saam met die H.N.P.-kandidaat op die verhoog verskyn. Daar was toe geen beswaar teen nie. Intendeel die versoek het van die H.N.P.-kant af gekom. Tydens die afgelope verkiesing het O.B.-lede na hierdie feit gewys as verweer teen die argument van H.N.P.-organiseerders dat die H.N.P. nie met die O.B. kan assosieer nie uit vrees vir die beskuldiging van „nazisties” te wees. Een van die persone wat hierdie argument gebruik het, was die H.N.P.-kandidaat van Malmesbury, mnr. J. H. van Staden. Toe O.B.-offisiere hom op die voorbeeld van die Paarl verlede jaar gewys het, was sy skokkende opmerking:

„As dit nie vir die ooreenkoms met die O.B. was nie, sou die H.N.P. die Paarl met 800 in plaas van 367 gevat het.”

VERLORE

Hierdie verbasende verklaring het mnr. Van Staden aan etlike O.B.-offisiere herhaal.

Die Paarl sonder die medewerking van die O.B. het hierdie keer verlore gegaan. Die 500 stemme wat die ooreenkoms met die O.B. verlede keer sou weggejaag het, het nie opgedaag nie. Intendeel, die H.N.P.-kandidaat wat op eie bene moes staan omdat die O.B. sy stemme anders sou wegjaag, het minder stemme getrek as sy voor-

ganger en die setel wat verlede keer met die O.B. se hulp gewen is, vir sy party verloor.

BRAKPAN

Ons het nog 'n voorbeeld in Brakpan. Die H.N.P.-leiding wou adv. John Vorster met die algemene verkiesing nie aanvaar as A.P.-kandidaat nie. Die redes vir die weiering is deur Die Transvaler uiteengesit en daar is toe onder meer gesê: „Hy sou boonop onaanneemlik wees vir die anti-nasionaal-sosialistiese vlottende stem, en dus waarskynlik uiteindelik Brakpan vir die Nasionale rigting verloor.” (Die Transvaler, 23 Mei.)

Adv. Vorster het as onafhanklike A.P. gestaan, en toe die uitslag uitkom het dit geblyk dat hy die V.P.-meerderheid van 1,679 afgebring het na 2 — en dit teen die Adjunk-speaker van die Volksraad, mnr. A. E. Trollip, wat so 'n gewilde kandidaat was dat selfs die huidige min. Ben Schoeman openlik gesê het dat hy mnr. Trollip liever as adv. Vorster in die parlement sien!

TEN SPYTE VAN

Adv. Vorster het daardie prestasie gelewer ten spyte van die openlike verklaring van die H.N.P.-leiding dat „die organisasie van die H.N.P. in Brakpan nie aan die verkiesing kan deelneem nie” (Die Transvaler, 15 April 1948) en ten spyte van die feit dat hy slegs vyf weke tot sy beskikking gehad het om te organiseer.

In die afgelope verkiesing het die H.N.P.-kandidaat drie volle maande tyd gehad vir intensiewe organisasie; hy het die ondersteuning gehad van drie vertydse organiseerders, terwyl vier ministers hulp bygesit het

PARTYE SE STERKTE IN PROVINSIES

Omdat die H.N.P. twee setels, Paarl en Bredasdorp, in Kaapland verloor het wat hulle gedurende Mei 1948 in medewerking met die O.B. en A.P. verower het, sal die H.N.P. tans 'n minderheid in die Kaaplandse Provinsiale Raad hê, nl. 26 lede teenoor 28 van die Verenigde Party en een Arbeider. Die stand van die Partye is as volg:

	H.N.P.	V.P.
KAAPLAND	26	28
Setels in Algemene Verkiesing, 1948 ...	28	26
Provinsiale verkiesing 1943	18	34
TRANSVAAL	34	27
Algemene Verkiesing, 1948	32	26
Provinsiale Verkiesing, 1943	9	43
VRYSTAAT	24	1
Provinsiale Verkiesing, 1943	21	4
NATAL	2	22
Provinsiale Verkiesing, 1943	0	16
TOTAAL	86	78

Een setel nl. Gezina in Transvaal moet nog beslis word weens die dood van een van die kandidate.

Die Arbeiders het twee setels in Transvaal en een in Kaap-

land verower terwyl Onafhanklikes twee setels in Transvaal hou en een in Natal. Die Arbeiders en twee Onafhanklikes sal hul gewig by die V.P. ingooi, terwyl een van die Onafhanklikes (Van der Wath, Ermelo) by die H.N.P. sal stem.

Twee van die provinsiale rade word dus deur die H.N.P. beheer en twee deur die Verenigde Party.

BEGROTING VANDAG

Die Minister van Finansies, mnr. N. C. Havenga, sal vandag sy begrotingsrede lewer. Finansiële kringe verwag dat hy verhoogde belasting sal aankondig om uitgawes te dek, en deels om die aanvraag na goedere te verminder. Dit sal waarskynlik nie daarop neerkom dat die belastingverligting van 1948 teruggeroep sal word nie. Die kwytskelding van die toeslag van 20 persent op inkomstebelasting en 25 persent op superbelasting is een van die vernaamste verminderings van verlede jaar wat in gevaar staan om herroep te word.

KINDERVREUGDE



Moedertjie, kom kyk! Nuwe skoene uit Suid-Afrika.

Gelukkige mens wat verantwoordelik is vir hierdie vreugde. Dit kan u deel wees. Bring vreugde in die hart van 'n kind en geluk in u eie lewe deur 'n bydrae vir die nood in Duitsland. Moenie uitstel nie. Stuur u bydrae aan:

Hoopstraat 105b, Kaapstad.
Bloedstraat 164, Pretoria.
Hippo-gebou, Producestraat, Port Elizabeth.
Noodlenigingskomitee, Aliwalstraat 20, Bloemfontein.
Windhoek, Posbus 831.

DAHA

HELP ONS OM TE HELP

DIE O.B., WOENSDAG, 16 MAART 1949

ELKEEN NODIG

As daar een feit soos 'n paal bo water staan na die provinsiale verkiesings van verlede Woensdag, dan is dit dat die H.N.P.-leiding die ondersteuning van elke nasionaal-gesinde in die land nodig het om aan bewind te bly. Die idee dat mede-Afrikaners wat buite die H.N.P. staan genoegsaam vervang kan word deur Engelssprekendes en Jode om hul samewerking oorbodig te maak, behoort vir 'n lang tyd die kop ingeslaan te wees.

Die Ossewabrandwag het, net soos die Afrikanerparty, voor die verkiesing tot die gevolgtrekking geraak dat dit die H.N.P.-leiding uitsluitlik te doen was om in die provinsiale verkiesings sy selfstandige krag te toets.

Hierdie gevolgtrekking was gegrond eerstens op die feit dat die H.N.P.-leiding nie oor provinsiale aangeleenthede wou veg nie, maar oor sake wat net in die parlement ter sprake kan kom; hulle het dit gemaak 'n stryd „om behoud van blank Suid-Afrika”, terwyl geen provinsiale raad die bevoegdheid het om oor die behoud van blank Suid-Afrika te beslis nie. Hierdie feit het die H.N.P.-leiding probeer goedpraat deur aan te voer dat die regering 'n mandaat van die volk wil vra in verband met naturelle beleid wat 'n bekragtiging moet wees van die mandaat van 26 Mei — iets wat deur die Opposisie in twyfel getrek is.

HELE REGERING

Goed en wel, maar as dit so was, dan spreek dit vanself dat die HELE regering daardie bekragtiging moes vra soos die HELE regering op 26 Mei daardie mandaat ontvang het. As 'n deel van die regering hierdie keer nie in aanmerking kom vir so 'n mandaat nie, dan is dit nie 'n mandaat vir die REGERING nie, maar vir die H.N.P. alleen. Dit kan tog nie weggedeneer word nie.

Op hierdie punt kan ons dus geen ander verklaring vind nie as dat die H.N.P. wou kyk of daar op 26 Mei se uitslag verbeter kon word sonder die samewerking van die A.P. En as hy kon, nou ja, dan was bondgenootskap nie meer nodig nie.

Dieselfde geld vir die H.N.P.-leiding se houding teenoor die O.B. Mnr. J. G. Strydom het, volgens Die Transvaler van 26 Februarie, beweer dat die stryd nie om provinsiale sake gaan nie, „maar oor die lewe van die witman”. As die stryd om die lewe van die witman gegaan het, dan was dit vanselfsprekend dat daar geen beswaar gemaak kon word teen 'n O.B. wat deur die bondgenootparty as kandidaat gestel word nie. As die lewe van die witman op die spel was, dan was dit die plig en reg van alle witmense om aan die stryd na die beste van hul vermoë deel te neem. Dan was dit ook die plig en reg van O.B.-lede om, waar hul kaliber dit regverdig, as kandidate deel te neem — en nie net die reg of plig van Engelssprekendes soos in Port Elizabeth-Noord en Pietermaritzburg-Suid nie.

Toe die H.N.P. dus blanke nasionale kandidate weier wat hy self tevore as kandidate gebruik het vir die parlement, soos in Ventersdorp, kon die O.B. geen ander afleiding maak nie as dat die H.N.P.-leiding wou kyk hoe sterk hy staan op eie pote.

ELKE KRAAG IS NODIG

Ons meen dat die uitslag bewys het dat as nasionaal-Suid-Afrika in die land wil regeer, nie 'n enkele krag versmaai kan word nie. Indien ons die belange van NASIONAAL-Suid-Afrika op die hart dra, dan het die verkiesing bewys dat geen enkele nasionale Afrikaner — al is hy 'n republikein — oorbodig is nie.

En indien ons die voortbestaan van BLANK Suid-Afrika beoog, dan het die uitslag net so afdoende bewys dat blank Suid-Afrika nie „gered” kan word met die hulp van Engels-sprekendes en Jode met uitsluiting van republikeinse Afrikaners nie. Ook die republikeinse O.B.-lede is tot op elke man noodsaaklik vir daardie stryd.

En as Engelssprekendes ten spyte van hul anti-republikeinse ideale geskik is vir kandidate, dan ook die O.B.'s met hul republikeinse ideale — al is dit dan maar net omdat die stryd hoegenaamd nie oor 'n republiek gaan nie.

Dit moet tog duidelik wees dat as ons praat van die noodsaaklikheid van immigrasie vir blanke voortbestaan, soos die huidige regering ook doen, dit onsinnig is om gebore blanke en boonop nog nasionale kragte binne die land van die stryd uit te skakel net omdat hulle republikeinse ideale koester, terwyl die republiek self geen strydpunt hoegenaamd vorm nie.

Ons meen dat die verkiesingsuitslag onweerlegbaar bewys het dat as dit noodsaaklik is om in hierdie tydsgewrig die republikeinse ideaal in die koelkas te sit, dit veel meer noodsaaklik is om ook die haat teen mede-Afrikaners in die koelkas te sit — indien ons dit dan nie op die ashoop kan gooi nie.

Spekulasie Met Volk Se Voedsel En Wonings

By die sorg vir die voeding van die gesin is dit die eerste vereiste dat die verdien- en koopkrag van die gesin genoegsaam en bestendig moet wees en dat voedsel volgens die volksbehoefte geproduseer moet word. Dit is moontlik om te bepaal wat die voedsel-verbruik deur die volk sal wees en daarvolgens in die eerste plek moet geproduseer word. Om dit te bewerkstellig sal stelselmatige rigting-gewing van die staat moet uitgaan.

OORTOLLIGE WINKELS

'n Verdere vereiste is strenge prysbeheer (deur die staat) oor voedselpryse en die uitskakeling van alle spekulasie met lewens-middele. Hiermee hang saam 'n verbeterde en meer ekonomiese voedseldistribusie. Is dit bv. nodig dat 6 of 7 bakker-ye of 5 of 6 melker-ye in die selfde deel van die stad brood of melk moet aflewer? Is dit eweens nodig dat oortollige winkels toegelaat moet word of sal dit meer doelmatig en meer ekonomies wees om slegs daardie aantal winkels toe te laat wat nodig is met die oog op die voorsiening van lewensbenodigdhede? Klaarblyklik sal 'n strengere stelsel van handelslisensiering toegepas moet word want onekonomiese voedseldistribusie is 'n vernane faktor in die hoë peil van die koste van lewensbehoud.

In verband met die voeding van die gesin is die noodsaaklikheid van opbouende maatskaplike sorg met betrekking tot inkope deur die gesin, asook die sorg vir die diëet en die voedseltoebereiding 'n vereiste. In hierdie verband is dit noodsaaklik om daarop te wys dat ons huidige opvatting van maatskaplike sorg nie juis is nie. Ons meen nl. dat maatskaplike sorg iets is wat alleen by armes en verwaarloosdes tuis hoort en nie ook by die sogenaamde bevoorregtes nie. Dit is 'n wanbegrip. Maatskaplike sorg, bv. voorligting in verband met die voeding van die gesin, is dikwels net so nodig by die betergesteldes as by die armes. Met die oog op hierdie wanbegrip van die wese van die maatskaplike werk sal dit bepaald die beste wees om te praat van volksorg waarby elke lid van die volk en in die besonder elke gesin dan baat kan vind. Terloops moet nog gewys word op die noodsaaklikheid van voedings- en gesinsbegrotingsonderzoek met die oog op die groter doeltreffendheid van die voedingsbeleid.

HUISVESTING

Die eerste vereiste in verband met die huisvesting van die gesin is dat die huis groot genoeg moet wees na gelang van die grootte van die gesin en goed genoeg met die oog op die self-respek van die gesin.

Die tweede vereiste is dat die waarde van aparte woning (met tuin en speelplek) vir die gesinslewe beklemtoon moet word. Die woning is die setel van die gesinslewe. Dit is nie maar net die eet- en slaapplek nie.

Die derde vereiste is dat die noodsaaklikheid van woningbesit deur die gesin op die voorgrond gestel moet word. Die voordele hieraan verbonde, behoef nie eens genoem te word nie.

Die vierde vereiste is dat die bou van woonstelle streng beperk moet word omdat woonstelle nie bevorderlik vir die gesinsvorming is nie.

Die vyfde vereiste is die uitskakeling van die dulle spekulasie met stedelike erwe en wonings. Veral op die huidige tydskop is dit een van die faktore wat die koste en lewens-onderhoud ontsaglik laat styg het en nog steeds gaan dit ongekontroleerd voort. Die wo-

Onwettig

RASIE (onder staatsbeheer) voorgestel. Die taak van hierdie woningkorporasie sal o.m. die volgende wees:

'n Volk wat sy huisgesinne verwaarloos, loop gevaar om vernietig te word omdat die voortbestaan van 'n volk daarsonder ondenkbaar is. Die gesin is in werklikheid die volk in klein. In die wording van die Afrikanerdom was die gesin nog steeds van fundamentele en vormende betekenis. Meegaande artikel is die derde in 'n reeks waarin die gesinsbeleid van die Ossewabrandwag uiteengesit word. Die eerste artikel het gehandel oor die funksies en verstedeliking van die gesin terwyl die tweede die welstand en selfstandigheid van die gesin behandel het.

ning is 'n noodsaaklike lewens-behoefte en daarmee mag nie gespeukuleer word nie. Trouens, alle spekulasie is ongesond.

AGTERBUURTES

Die sesde vereiste is dat strenge beheer oor stedelike grond- en woningpryse uitgeoefen moet word. As 'n erf of huis te koop is, dan moet dit net een prys hê, nl. die waardasieprys. Dit is logies en billik. Die sewende vereiste in verband met die huisvesting van die gesin is die opruiming van agterbuurttes en die stelselmatige woningbou (deur die staat) volgens volksbehoefte.

Die agste vereiste is opbouende volksorg in verband met woninginrigting en -versorging. Met die oog op die sorg vir die volkshuisvesting deur die staat word 'n WONINGKORPO-

(1) Dit sal alle stedelike grond- en woningpryse hersien en vasstel.

(2) Dit sal beheer uitoefen oor alle onbeboude stedelike grond.

(3) Dit sal alle woonstelle besit en verhuur.

(4) Dit sal (uiteindelik) alle huurhuise besit en verhuur en veral die moontlikheid stel dat dit deur gesinne gekoop kan word.

(5) Dit sal vir die opruiming van agterbuurttes verantwoordelik wees.

(6) Dit sal die stelselmatige woningbou met die oog op die volksbehoefte behartig.

(7) Dit sal die moontlikheid vir spaargeldbelegging stel.

„SKAF SENAAT AF”

Steun Vir O.B.-Beleid

Die Ossewabrandwag het die afgelope ses-sewe jaar herhaaldelik gepleit dat die Senaat, soos ons hom ken in die Unie-raamwerk, vervang moet word omdat dit slegs 'n vyfde wiel aan die wa is en geen positiewe bydrae tot die wetgewing lewer nie, daar dit net soos die volksraad 'n platform vir partypolitieke propaganda geword het. Sedertdien, en veral gedurende die afgelope agt maande, het hierdie standpunt van die O.B. aansienlik steun verkry, ook uit onverwagte kringe.

Onlangs het die Burger, hoof-orgaan van die H.N.P., die senaat as 'n „blindederms” beskryf omdat dit oortollig geword het en geen nut meer het nie. Ook Die Vaderland skyn hierdie mening te deel.

PARTYPOLITIEK

Na aanleiding van die afgelope sitting van die senaat, skryf Die Vaderland: „In die Hoër Huis het die vaders van die Unie besin, sal 'n rustige atmosfeer heers waar onoordeelkundighede en ongerymdhede uit die Volksraad verwyder of reggemaak kan word. Maar die vergadering van wyse, grys koppe het al gaande ontwikkel tot 'n liggaam waar die partypolitiek tier.” Tans is die senaat in staat om die regering te dwarsboom, „en dit nie uit oorweging van landsbelang nie maar bloot ter wille van die partypolitiek wat in konsepsie vreemd behoort te wees aan sy bestaan.”

Die blad verklaar dat die senaat vinnig besig is om 'n klug te word en dat dit nooit inisiatief aan die dag lê nie. Dit kom bloot vir die vorm by die opening van die parlement byeen en verdaag tot daar werk na hom deurgestuur word.

„SKAF DIT AF”

„Dit is te hope dat dr. Malan die eerste en beste geleentheid te baat sal neem om hierdie laspos van die wetgewende liggaam onskadelik te maak, en dit wel langs die weg van regstreekse wetgewing. Die senaat moet of aan sy hoë roeping voldoen, of hy moet afgeskaf word.”

Die Ossewabrandwag sê dat die senaat vervang moet word deur 'n tweede kamer waarin die beroepe en bedrywe verteenwoordig sal wees. Alleen dan kan dit 'n positiewe bydrae lewer.

K.G. WEEREENS BEREID MALAN TE ONTMOET

Vir die soveelste keer het die K.G., dr. Hans van Rensburg, hom bereid verklaar om samesprekings met dr. D. F. Malan en mnr. Havenga te voer met die oog op die verwydering van struikelblokke tussen Afrikaners.

Die K.G. het geantwoord op 'n besluit van die H.N.P.-tak van Broederstroom waarin 'n beroep op die leiers van die H.N.P., die O.B. en A.P. gedoen word om samesprekings te voer ter wille van eenheid. Die besluit is ook aan dr. D. F. Malan gestuur wat baie liggies daarvoor gegly het en in sy antwoord in gebreke gebly het om op die kern van die besluit, naamlik 'n samespreking, te antwoord.

Die K.G. se antwoord aan die party-sekretaris, mnr. D. J. Joubert (jnr.), lui: „Ek wens ontvangs te erken van die besluit van die vergadering van die H.N.P.-tak te Broederstroom gedateer 5 Februarie, waarin 'n beroep gedoen word op mnr. Havenga, dr. Malan en myself om tot 'n samespreking te geraak ten einde samewerking te bewerkstellig.

„VANSELSPREKEND”

„Die beroep is in die eerste instansie gerig aan u Hooftleier en ek neem dus aan dat die inisiatief van hom moet uitgaan. Wat myself betref, is ek vanselfsprekend bereid om aan 'n samespreking met die twee

genoemde here deel te neem, met dien verstande dat ek nie die beweging wat ek lei kan verbind sonder dat dit bekragtig word deur die oppergesag (die Grootraad). Dieselfde geld sowel vir mnr. Havenga as dr. Malan.

„Ek wil verder gaan en u verseker dat elke regdenkende mens dankbaar sou wees om 'n einde te maak aan die onverkliklike broederstryd wat ontken is. Dus, soos ek sê, ek staan tot beskikking wat 'n samespreking betref.”

DR. MALAN

Dr. Malan se privaatsekretaris het namens hom geantwoord:

„Dr. Malan dra my op om ontvangs te erken van u brief van 6 deser betreffende samewerking tussen die H.N.P. en A.P. Dr. Malan het kennis geneem van die inhoud daarvan en vra dat ek u moet meedeel dat die leiers vanselfsprekend hul bes sal doen om goeie samewerking te verkry tussen al die dele van die blanke bevolking op gesonde nasionale grondslag.”

AFRIKANERPARTY OPEN KANTOOR IN VRYSTAAT

Die Afrikanerparty van die Vrystaat het nou 'n kantoor in Bloemfontein geopen ten einde die organisasie van die party in die moederprovincie op te knap



MNR. I. L. FERREIRA.

en uit te bou. Mnr. I. L. Ferreira is aangestel as organiserende sekretaris, en hy het sy kantoor geopen in kamer 47, Sasbank-gebou, Maitlandstraat, Bloemfontein, met telefoon 3370 en posbus 668.

Alle lede en ondersteuners van die party word vriendelik uitgenooi om met mnr. Ferreira in aanraking te kom sodat die organisasiesamensien so gou moontlik volstroom kan werk.

Swak Arbeid Jaag Boukoste Op

Die feit dat die meeste bekwame bouers gedurende die afgelope jare ten gevolge van die huistekort self boubase geword het sodat slegs die swakste werkers oorgebly het, word in verantwoordelike kringe genoem as een van die redes waarom die boukoste in die hoogte geskiet het. Voorheen was dit geen uitsondering as 'n messelaar 1,000 stene per dag lê nie, maar vandag word 350-400 oor die algemeen as „goeie” standaard aanvaar.

Daarby kom ook nog die feit dat bouwerkers, nieestaanende hulle meer loon per uur ontvang, korter ure per week werk en dat die gehalte werk wat hulle lewer dikwels die oorsaak is dat mure in die Skiereiland water deurlaat omdat die stene te ver van mekaar gelê is en met klei toegestop word. Hierdie verskynsel het baie bouers tot die gevolgtrekking laat kom dat dit onwenslik is om solank daar met sulke werkers gewerk word, mure van nege duim te bou. Deurgaans word daar nou feitlik 14-duim-mure in die Skiereiland gebou as teenmaat-reël vir die swak werk. Onlangs het 'n bouer 14 messelaars moes afdank vanweë hierdie swak werk.

PROPAGANDA

Dit skyn asof daar in sommige boukringe 'n georganiseerde poging aan die gang is om die hoeveelheid werk per dag so laag moontlik te hou. Onlangs het 'n werkgewer een van sy werknemers betrap dat hy besig was om propaganda onder die bouers te maak dat hulle nie meer as 150 stene per dag moet lê nie. Toe hy hom verskuif na ander werk, het die werkers dadelik meer werk per dag gelever.

Dit skyn egter of die feit dat mense wat wil bou nie meer geld daarvoor kan leen nie, besig is om hierdie kleinboubase wat

voorheen vakmanne was, te begin knyp omdat hulle werk nou minder geword het. Daar word gemeen dat indien hierdie toestand lank genoeg voortduur, baie van hulle weer tot hul oorspronklike werk sal terugkeer. Daarmee sal die gehalte en hoeveelheid werk wat per dag gelever word, ook toeneem en sal die minder bekwame werker stadig maar seker uitgedruk word. Aangesien die prys van boumateriaal reeds effens gedaal het, en dit ook kan gebeur dat daar weer meer werk per dag gelever word, meen gesaghebbendes dat dit grootliks daartoe sal bydra om die boukoste te verminder.

Iemand in die boubedryf het die rede vir die hoë koste as volg verklaar: Lone het verdubbel terwyl arbeidsprestasie tot 'n derde van die vooroorlogse peil gedaal het. Dit beteken dat boukoste sover dit arbeid betref, ses maal gestyg het.

Komdt. en komdte. S. W. du Plessis van Kanoneiland het die O.B. verryk met twee fris seuns. Die kommando wil hulle graag van harte geluk wens.

Stasievoorman se diensure en -voorwaardes sal so gou dienlik hersien word, volgens 'n aankondiging. 'n Komitee om al die aspekte van die diensvoorwaardes en werk te ondersoek, is aangestel.

PARTYSKAPPE EN REPUBLIC

Mnr. G. J. Burger, Oases, Beaufort-Wes, skryf:

Die O.B. maak gedurig propaganda deur te beweer dat onder die Republieke se regerings daar geen partye bestaan het nie, en dat ons nou ook 'n regering moet hê wat partyloos is.

Ekselst het 15 jaar in Transvaal gewoon en die Jameson-strooptog en die Anglo-Boereoorlog deurgemaak.

My oortuiging is dat die stemgeregtigdes van die Transvaal het in daardie dae bestaan uit ongeveer 90 persent gebore Afrikaners, waarvan ongeveer 75 persent gebore Transvalers was. Daar was ook verskille onder hulle. Maar die verskille het maar net so bestaan, as wat die verskille in die Kerkgenootskappe bestaan het. Soos die Kerkgenootskappe direk aan dieselfde Bybel en Godsdiens geglo het, so was die nasionale gevoel onder die burgers dieselfde. Net soos die Voortrekkers een was by die slag van Dingaan.

Na die Boereoorlog het die stemgeregtigdes bestaan uit 45 persent uitlanders en 'n groot deel Afrikaners wat nagemaakte Engelse is, en 'n groot deel kleurlinge en naturelle.

En nou dat ons nasionaal-gesindes hymekear moet staan, soos die Voortrekkers by die slag van Dingaan teen die kleurlinge en naturelle om die blankedom te beskerm soos die Voortrekkers gedoen het, nou maak die O.B. propaganda dat die O.B.- en die A.P.-lede nie hulle wapens moet gebruik om vir die blankedom te veg nie.

Die O.B. se propaganda kom daarop neer dat alle stemgeregtigdes gereken moet word wat die volkseenheid kan wees. Volgens die propaganda van die O.B. dan moet Kaffer, Moor, Indiaan, Mohammedaan, Kommunis en Godsloënaars te-

Soos Ons Lesers Dit Sien

same een volkseenheid uitmaak.

Volgens die propaganda van die O.B. kan daar met die Godsdiens gesmous word. Geen organisasie kan bestaan sonder dat daar 'n party mense is wat die beginsels daarvan ondersteun nie, net soos 'n kerkgenootskap nie sal kan bestaan nie. Die naam van 'n organisasie maak niks. Sonder party kan dit nie bestaan nie.

So bestaan die O.B. maar ook uit 'n party soos alle organisasies.

In Matth. 6: 24 staan „Niemand kan twee here dien nie; want hy sal die een haat en die ander liefhê, of hy sal die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie God en ook Mammon dien nie.” Dit is presies wat die O.B. nou doen en propaganda voor maak. Die O.B.-lede behoort nou ook almal aan die Afrikanerparty. So dus behoort hulle aan twee liggame; dus dien hulle twee here. Die Afrikanerparty is volkome eens met die Nasionale Party, en die O.B. maak gedurig propaganda teen die Nasionale Party en beweer dat daar geen party-skappe moet bestaan nie. In I Kor. 11: 19 sê die Apostel Paulus: „Want daar moet ook party-skappe onder julle wees sodat die beproefdes onder julle openbaar kan word.” Maar die O.B. met sy offisiere waaronder predikante is, ignoreer wat die Apostel Paulus sê. In Matth. 6: 23 staan: „Maar as jou oog verkeerd is, sal jou hele liggaam donker wees. As die lig in jou dan donkerheid is, hoe groot is die donkerheid nie.”

(Blykbaar het ons korrespondent sy plig in Transvaal versuim deur Oom Paul nie tot die stigting van „partyskappe” te oorreed nie. — RED.)

H.N.P. MOES EERS REGGEMAAK HET

Mnr. J. Eksteen, Groot Marico, Skryf:

In een van die jongste uitgawes van Die O.B. spog ene mnr. Coetzee van Lichtenburg so dat hy 'n volbloed H.N.P. is. Was dit nie miskien beter dat hy dit vir die H.N.P. vertel het nie, dan het hy moontlik onder-eerste minister geword? As hy van diskriminasie praat, dan moet hy liewer aan Die Transvaler vra wat dit beteken. Hy praat ook van geskors te wees. Seker omdat hy nie kans sien om die O.B. van binne te rysmier nie.

Dit is vir my snaaks waarom hy die naam van die Minister van Justisie noem en hom A.K.G. wil maak. Dit wil byna vir my lyk of min. Swart volgens hom ook nie meer goed is vir sy party nie. As hy praat van hoe die H.N.P. groei, dan bedoel hy seker die groei van die party met behulp van mnr. Nossel. Dit sal beter wees as mnr. Coetzee sy briewe aan Die Transvaler rig.

Vir mnr. Stassen wil ek net sê dat die O.B. nie 'n eenman-diktatorparty is nie. Die O.B. is glad nie 'n party nie.

Hy beskuldig die O.B. daarvan dat hy verantwoordelik sal wees as die H.N.P. setels verloor. Jammer mnr. Stassen, ons is nie oor setels bekommerd nie en dit was die H.N. Party se plig om reg te maak wat verkeerd is. Hy erken dat die H.N.P. nie sonder die steun van die O.B. kan klaarkom nie, nou waarom dan nie samewerking met behoud van identiteit nie?

Adverteerders wil graag weet of u hul naam in „Die O.B.” gesien het.

WEES BESKERM!

BRAND-Assuransie by—

SANTAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE
TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke dwarsdeur die Unie.

Het u
SPRINGBOK
Medium
probeer

SPRINGBOK
MEDIUM
20 CIGARETTE

Die Gelukkige Keuse

In Pakkies van 10, 20, 50. Met of sonder kurk.

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:
(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOESLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

DOODBERIG

VAN DYK. — Sag en stil heengegaan te Napier op 5 Maart 1949 in 'n lyding van 4 jaar aan kanker, ons dierbare seun en broer Andries Nicolaas van Dyk, in die ouderdom van 38 jaar. Diep betreur deur sy Moeder, broers en suster. 16/3/1B

BENODIG

DOGTER wil jy nie by Oom en Tannie kom inwoon en behulpsaam wees nie. Skryf dan aan Tannie, Hulsingstraat, Somerset-Wes. 16/3/1B

ALGEMEEN

AANDAG! Neem asseblief kennis dat ek vanaf April 'n Markagentskap begin — Munisipale Mark, Uitenhage. B

Adresseer u produkte en wees versker van beste resultate en onmiddellike uitbetalings. — N. S. Bellington. 9/3/49 TK

BOERMEEL

BOERMEEL op ons bekende steenmeule gemaak, 21/7 per 100 lb.; gesifte meel, 24/9; witbroodmeel, 26/5; en meelblom, 28/1; plus bankkommissie, per 100 lb. sak. K.M.B. — Mission Store, Elim, K.P.

BOME, PLANTE EN SAAD

Vars goewerments gesertifiseerde groentesaad: Chantenay wortels, 6/6; Detroit beet, 5/6; Egiptiese plat beet, 7/6; Greenfeast saaderte, 1/- lb., 6/10/- 200 lb. sak; Copper King (laat harde ulesoort), 10/- lb.; Vroeë Kaapse plat, 9/-. Handelsnavrae verwelkom. — Kango Saadkwekers, Posbus 107 Oudtshoorn. 16/3/TK

Vars, gesertifiseerde Australiese Bruin en Vroeë Kaapse Plat Uiesaad, 9/6; Silver King-uiesaad, 9/6; Chantenay-wortelsaad, 10/-; Detroit-beet, 5/6, per pond posvry. — Premiers, P.K. Schoemanshoek.

MEDISYNE

BLV JONK. Gryshaarwonder verras die wêreld. Hysterie gryshare tot natuurlike kleur, verwyder skillers, ens., of geld terug. Geen kleurstof, 5/- per bottel, posvry. Geld met bestelling. Kwale, siektes behandel. — Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. (Nr. 3) 2/3/TK

MEUBELS

MEUBELS. — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, diewiele, linoleums, tapete, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. — VISSER-MEUBELS, Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/41

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiëtsaannemers. Foon 9-8435.

Vir die beste en duidelikste luidspreekdiens op enige plek, asook vir versterkers, luidsprekers, mikrofone en parte — groot en kleinhandel — skryf aan: **P. D. SMUTS RADIO (EENS.) BPK.**, Hoofstraat 287, Paarl. Foon 755. 15/9/48

TE KOOP

SKAAPHONDJES: Vyf reuntjies en een tefie. Ouers baie slim. Reuntjies £2 stuk en tefie £1/10/-. Gelewer Sakrivierstasie. Skryf aan: J. P. Burger, Haezar-Wes, P.K. Brandvlei, Distrik Calvinia. 16/3/1B

Uitgesoekte HOUTSPARRE (Wattel) (v.o.s. Carolina, 1 dm. punt x 4 vt. £4 per 1,000. Navrae vir omheiningpale en lang sparre welkom. — W. L. van Rooyen, Carolina, Transvaal. 16/3/3B

DEKRIET. — Eersteklas, vars Dekriet in groot hoeveelhede verkrygbaar. Gelewer Riversdal-stasie. Skryf aan: D. F. Malherbe, Posbus 52, Riversdal. 16/3/1

GEDROOGDE VRUGTE. — Barrymerk gedroogde vrugte posgeld betaal in Unie, in 5 en 10 pond-kissies. Apperlinge 3-Diamant, 2/1; Perskes, 3-Diamant, 2/1; Pers, 3-Diamant, 2/1; Vye, 4-Diamant, 2/3; Pruimedante, 50/60, 1/8½; Rosyne, 3-Diamant, 10½d.; Tros-Rosyne, 4-Diamant, 1/3; Okkerneute, 2/3; Amandels, 1/9; per pond. Volledige Pryslas verkrygbaar van Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

GESUKERDE VRUGTE. — Barrymerk gesukerde vrugte, 8/6 per ses 1 pond-pakkies of 6/3 per 5 pond-kissies, posgeld betaal in Unie. Konstant met bestelling. Ons stuur ook gesukerde en gedroogde vrugte ten behoewe van klante aan vriende oorsse. Verdere besonderhede verkrygbaar by die Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

SOUT

SOUT vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaat. Soutwerke tevredehandel gwaarborg. Adres: Komdte. Mey. Martie Venter, Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 19/1/TK

STEENMAAKMASJINE. — „Kleine Wonder” vir die maak van standaard grootte sementstene van 9 dm. x 4 5/16 dm. x 3 dm. teen £30, of £20 sonder voetstuk. Luukse modelle teen £5 ekstra. V.o.s. Hopefieldstasie. Handelsnavrae word verwelkom. Om besonderhede en illustrasies skryf aan: **Kleine Wonder Steenmasjiene (S.A.) Agentkappe, Posbus 18, Hopefield, K.P.** 18/8/T.K.

AANDAG! DAMES! Raak ontslae van oortollige vet of enige ander kwaal; of wil u graag vetter wees? 'n Buitengewone „Tuis- Skoonheid- en Gesondheidsbehandeling,” enig van sy soort vir slegs £4. 4s. per 5 dele, maar u kry dit vir slegs 30/- „Aanbod alleen geldig vir twee maande.” Ook 'n gratis formula om geplukte blomme vir twee weke vars en geurig te hou mits u binne twee weke 'n kursus bestel. Om teurstelling te voorkom, stuur asb. dadelik u 30/-, of eers 2/6 vir volle besonderhede aan J. F. Stemmet, Fichatstr., Knysna. 16/3/1

VERVOERDIENS

Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met

J. A. STRAUSS

Posbus 64 - - Telefoon 9-8355
P A R O W

RADIOTRONICS

(A. Perold en P. Brink)

Vir herstel en koop van

ELEKTRIESE APPARAAT

(Onderneem ook yskasherstelwerk, ankerontwikkeling en lê van kables in huise en fabriek)

Hoofstraat BELLVILLE
Foon 97-9114.

(Vervolg van bl. 3, kol. 4)

maar inteendeel beskou is as 'n baie swak kandidaat.

Hy het verder die reputasie van adv. Vorster in sy guns gehad deurdat H.N.P.-organiseerders rondvertel het dat hy dieselfde Vorster van die algemene verkiesing was.

MINDER STEMME

Ten spyte van al hierdie dinge in sy guns het hy 104 stemme MINDER behaal as die O.B.-generaal op 26 Mei, en dit ten spyte daarvan dat daar hierdie keer baie meer kiesers op die lys was as toe.

Brakpan en Paarl het die bewering dat O.B.-lede nie stemme kan trek nie, finaal die kop ingeslaan. Iemand wat voortaan nog hierdie argument gebruik in sy stryd om O.B.-Afrikaners uit die stryd van hul volk te weer, doen dit om redes wat hy nie aan die volk durf sê nie.

WIE IS SOLLY SACHS?

Solly Sachs is in 1899 in Rusland gebore. Sy vader het in 1903 na Suid-Afrika gekom. Sachs self het eers in 1914 in Suid-Afrika aangeland. Hy het dadelik belang gestel in die vakbondwese en by die Klerewerkersbond betrokke geraak.

Hy is van oortuiging 'n Kommunis. In 1931 het hy met die party stry gekry, maar hy het 'n self-erkende Kommunis gebly. In 1932 het adv. O. Pirow as Minister van Justisie 'n deportasie bevel teen hom laat uitreik. Hy is beskuldig dat hy opruiende propaganda gemaak het. Die bevel is egter nooit uitgevoer nie.

Mej. Hester Cornelius en mej. A. Scheepers is twee van die bekendste figure in die Klerewerkersvakbond. Eersgenoemde het Rusland in 1935 besoek en laasgenoemde het Rusland in 1938 besoek.

Vakbond Stel Baie Geld Na Buite Beskikbaar

Die ouditeurs wat gelas is om ondersoek in te stel na die boeke en administrasie van die Klerewerkersvakbond het bevind dat „'n kritiese ontleding van die donasie-rekening toon dat die grootste gedeelte van die donasies aan linksgesinde bewegings, oorsese lande en nie-blanke organisasies gemaak is”.

Hierdie verslag is so pas oorhandig aan die Kommissie van Ondersoek wat deur die regering aangestel is.

Die ouditeurs verklaar dat die bevoegdheid van die grondwet van die Klerewerkersvakbond so wyd is dat daar nie wetlike oortreding beweer kan word nie. „In hoeverre die fondse van die vakbond, gelewer uit die hydraes van die klerewerkers, in hul regstreekse belang aangewend is, moet slegs op morele grondslag beoordeel word.

Behalwe uitbetaalde tjeks vir onkoste het bewysstukke oor die algemeen ontbreek. Die boeke en state is deur die vakbond se eie ouditeure as korrek gesertifiseer.

Met uitsondering van spesiale hydraes was die inkomstes van die vakbond tussen 1937 en 1947 £140,980 waarvan meer as £135,000 uit hydraes van lede bestaan het. Volgens die verslag bedra die administrasiekoste gedurende hierdie tydperk £76,724.

SONDER BEWYSSTUKKE

„Verskeie groot bedrae is aan amptenare van die vakbond betaal waarvoor die stawende bewysstukke ontbreek en die enigste magtiging die goedkeuring van die Sentrale Uitvoerende bestuur is. Onder hierdie hoof is daar bv. die koste van E. S. Sachs en H. de Wet na die arbeidskonferensie in Londen in 1946.”

Adv. Snitcher Se Nuwe Status

Na aanleiding van die aankondiging dat adv. Harry Snitcher van Kaapstad as K.C. aangestel is, het verskeie persone die vraag gestel — ook aan V.A.K. in Die Burger — hoe 'n advokaat 'n K.C. word. Ons laat die H.N.P.-orgaan aan die woord:

„Die K.C.-onderskeiding beteken dat iemand tot King's Council gepromoveer het. In Afrikaans noem ons dit Koningsadvokaat en dit is feitlik net 'n amptelike erkenning van senioriteit in die regs-wêreld.

„Wanneer iemand wat aan die balie behoort, dit wil sê wat as advokaat toegelaat is en praktiseer, 'n vaste praktyk opgebou en sekere senioriteit opgebou het, kan hy by die Minister van Justisie aansoek doen om die K.C.-skap.

„Die Minister raadpleeg dan die regters en bes moontlik ook die Ballieraad.

„Indien alles daarop dui dat die aansoeker geregtig is op die onderskeiding, vra die Minister vervolgens dat die Goewerneur-generaal patentbriewe aan die aansoeker moet uitreik waarvolgens hy dan 'n Koningsadvokaat word.”

Mnr. Snitcher het ook bekendheid verwerf deurdat hy hom reeds 'n paar keer in die Skiereiland as Kommunistiese kandidaat verkiesbaar gestel het.

naar gemaak word sonder vermelding van besonderhede.

MET PARTY

„Behalwe die affiliasiefooie aan die Vak- en Arbeidsraad word jaarliks fooie aan die S.A. Friends of Soviet Union, en die Non-European Trade Union betaal. Gedurende 1947 en 1948 is £125 per jaar aan die Arbeidersparty betaal. In 1948 is £200 aan die African Trade Union Technical Advisory Committee betaal. Hieruit, sê die verslag, blyk dit dat die vakbond geaffilieer is met politieke organisasies.

Skenkings sluit verder in mediese hulp vir Rusland, aan die Springbok Legion, skenkings aan Indië en Griekeland en vir „Tito's Birthday”.

„Volgens die boeke blyk dit dat die vakbond geen voordeel getrek het uit die verskeie lastersake wat gedryf is nie, maar intendeel kostes in verband daarmee gedra het. Hoewel mnr. Sachs die saak teen ds. Du Preez gewen het, kan die ouditeure nie sien waar die vakbond enige baat by die uitspraak gevind het nie.”

KLERE WORD DUURDER

Die groter winsgrense vir mode- en ander luukse artikels, soos in Kaapstad aangekondig deur die Minister van Ekonomiese Sake, mnr. Eric Louw, is Vrydag in 'n Buitengewone Staatskoerant gepubliseer.

In die geval van klere vir mans kom daar sekere effense stygings in die merkprijs voor.

In die geval van damesklere is die groothandelswinsgrens verhoog van 20 persent tot 21 persent vir artikels soos bloeses, hemde, onderklere uit rayon, wol, linne of kunssy, slaapdrag, serpe, sakdoeke en ook vir buustelyfies, babalinne en babakomberse.

Het U Al 'n Intekenaar Gewerf?

VUL ASSEBLIEF HIER IN

Die Bestuurder,
Voorslag (Edms.) Bpk.,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,

Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby ingesluit vind u die bedrag van.....

vir die eerste.....maande.

NAAM:
(Naam en Adres in Blokketters)

POSADRES:

.....

.....

.....

.....

.....

.....

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/6 per halfjaar.
Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

Handtekening.

Verenigde Volk O.B. Se Doelwit

„Amajuba het die simbool geword van die Afrikaner se vryheid, maar ons sal nooit vry kan wees voordat die volk nie weer een geword het nie,” het genl. prof. H. M. van der Westhuysen, Gebiedsleier van Gebied E, verklaar by geleentheid van Vryheidsdagviering te Middelburg (Tvl.).

Daar is baie mense wat nog nie kennis geneem het van die strewe van die Ossewabrandwag nie. Dit is nodig dat elke Afrikaner weet dat die Ossewabrandwag hom beywer vir die groots moontlike eenheid van die Afrikanervolk. Dit is daarom 'n besondere voorreg om lid van die O.B. te wees.

Spr. het die Vryheidsgeskiedenis van Amajuba kortliks behandel en gesê dat dit 'n handjefol mense was wat geprotesteer het teen 'n magtige vyand. Net so is dit ook vandag. Die feit dat verdrukke volke in die verlede vir hul vryheid geveg en dit verkry het, is bewys van die feit dat elke volk geregtig is op sy vryheid.

Vryheidsdag is 'n ware Afrikanerfeesdag waarop die prestasie van ons dapperste helde geroem word. Suid-Afrika sal weer 'n republiek word en daarin lê ons enigste vorm van vryheid.

EENHEID

Amajuba het die gedagte van eenheid na vore gebring. Van-

Zwartruggens Luister Na Jeugleier

Deelname aan die viering van Vryheidsdag knoop die bande wat O.B.-lede onderling bind immer hefter vas. Ongekunstelde hartlikheid, blydschap om mekaar weer van aangesig tot aangesig te sien en 'n ferme handdruk om daaraan uiting te gee, was die gees wat alom geheers het toe Zwartruggens (generaalskap F6) weer saamgekom het om op gebruikelike wyse Vryheidsdag op Saterdag, 26 Februarie, feestelik te vier.



PROF. VAN ROOY

Die verrigtinge het plaasgevind op die plaas Steenbokfontein, by die huis en onder leiding van hoofwagkommandant F. C. van Dyk.

Met Jeugleier prof. Dirk van Rooy en ander O.B.-offisiere in hulle midde was Brandwagte vir die soveelste keer bevoorreg om weer te aanskou hoe die vlamme van die Vryheidsvuur, in herinnering aan die glorie-ryke dade van die helde uit ons volk, kronkelend die lug inskiet. In sulke oomblikke van aandoening en nasiebewussyn slaak meer as een die versugting dat die dag verhaas mag word wanneer alle reggesinde Afrikaners in eensgindheid saamgeskaar sal staan om die (Vervolg in volgende kol.)

dag is dit nog nodig om tydelik van partye gebruik te maak. Maar dit sal moet verdwyn en daar sal dan eenheid wees. In hierdie stryd van vryheid het ons die krag en hulp van elke Afrikaner nodig wat Suid-Afrika eerste stel.

Amajuba spreek ook van saamstaan en het simbool geword van die geloof van ons Vaders; het spr. verklaar.

Die fees het baie suksesvol verloop en baie buitelanders het



Genl. Van der Westhuysen

dit bygewoon. Baie persone wat laas voor die donker jare O.B.-funksies bygewoon het, het weer hul opwagting gemaak.

Die kommando wil graag hul dank betuig aan genl. Van der Westhuysen en genl. J. G. S. Opperman van Gebied E vir hul teenwoordigheid. — (Korr.)

INDRUKWEKKENDE FEES IN PRETORIA

Die Brandwagte van Pretoria het vanjaar weer hul plig met Vryheidsdag nagekom toe hulle op 26 Februarie op die Louis Trichardt-plein saamgekom het. Die funksie het onder leiding van genl. Malherbe begin en dit het nie ontbreek aan luisterrykheid en geesdrif nie.

Om agt-uur is genl. Ben Auret en oud-sen. Naas Raubenheimer deur 'n erewag van O.B.-dames ontmoet. Die skriflesing en gebed is waargeneem deur prof. H. P. Wolmarans.

Oom Naas het 'n boeiende en besielende boodskap gebring en onder meer verklaar dat die O.B. by uitstek 'n Republikeinse beweging is. Na al die jare van

(Vervolg van vorige kol.)

brandende houtstapel tot in alle uithoeke van die vaderland.

Onder oorhellende takke van wilde bome en neergevele op die groengras, met die skoonheid van die wilde natuur om hulle heen, kon O.B.-lede in stille afsondering luister na die toespraak van prof. Van Rooy. In sy toespraak het die Jeugleier die herowering van Amajuba-berg in al sy fases uitgebeeld en veral nadruk gelê op die moed en taale vasberadenheid waarmee die burgers besiel was toe die berg trompop, in die aangesig van 'n sterk-bewapende oormag, teen die steile berg-hang uit bestorm en herneem moes word.

'n Baie welkome reën — want die behoefte was alweer groot — het met tussenpose 'n bietjie ongerief veroorsaak, maar dit het die gevoel van opgewektheid nie verminder nie, en met 'n donkere nag en 'n natpad huiswaarts het die Ossewabrandwag in die tyd van vervolging dikwels kennis gemaak. — (Korr.)

BARBERTON PRESTEER

Die kommando van Barberton het met die viering van Amajuba-dag die pragtige bedrag van £100 ingesamel. Die verrigtinge is deur hfgnl. P. de W. Wiid geopen.

Die verrigtinge het die middag begin en die vrouens het



Hfgnl. P. de W. WIID.

veral uitgeblink. Ons het 'n pragtige koektafel gehad waarvan mev. E. de Villiers al die eer wegdra. Ons naaldwerktafel het ook niks te wense oorgelaat nie. Dit het gestaan onder leiding van mev. Nel.

Oom Louis Bootha het 'n besielende toespraak gelewer waaraan die aanwesiges nog lank sal kou. Die program het om agt-uur begin en die vlam het saam met die van Amajuba gebrand. — (Korr.)

,SKYNGOEDERE IN RUIL VIR ERFENIS'

Die geskiedenis leer ons dat die republikeinse staatstelsel die enigste is wat by die tradisie en volksaard van die Afrikanervolk pas. Die Afrikanervolk begeer 'n president met uitvoerende amptenare deur hom self aangestel, het mnr. A. J. Griesel van Paul Roux verklaar by geleentheid van 'n Vryheidsdagfunksie wat plaasgevind het op Seramê, naby Kaallaagte, die plaas van hfgnl. Japie van der Merwe.

Die president is afhanklik van sy gesag van God en sy ordonansies en nie van die meerderheidsstem van die volksraad nie; het spr. gesê. Hierdie samestelling sal nie op die partypolitieke lees geskoei wees nie. Die Afrikaner met sy godsdiens-tige inslag glo dat God soewerein is. Die groot ramp van vandag is dat die huidige stelsel met sy magsgroepe wat na regeer-mag strewe, bitterheid en verskeurdheid onder mede Afrikaners veroorsaak. Vandag het ons skyngoedere in ruil vir erfenisse. Niemand kan die Afrika-

is waargeneem deur Brandwag Flippe van der Merwe en 'n ernstige gebed is gedoen deur Brandwag Ampie Bester. Om presies nege-uur het vier Brandwagte met fakkels in gelid na die houtstapel gestap en 'n fakkel aan hfgnl. Van der Merwe oorhandig wat die vuur aangesteek het. Mense kon byna 'n halfmyl ver van die vuur alles soos dag onderskei. — (Korr.)

Heidelberg Opnuut Besig

Heidelberg (Kapp) se Vryheidsdagfunksie is vanjaar net buitekant Zuurbraak gehou en al die kommando's van A.19 was teenwoordig. Meer as £40 is ingesamel. Die verrigtinge het plaasgevind onder leiding van komdt. S. W. Joubert van Barrydale.

Gedurende die middag het die Brandwagte gesellig met mekaar verkeer en die amptelike program het die aand om 7.30 begin met vlaghysing en godsdiens-oefening. Oud-hfkomdt. Piet Uys het 'n kort en besielende rede gehou en die betekenis van Amajuba aangestip, waarna Boeredogter L. Swart 'n voordrag gelewer het.

Genl. J. de Vos van Kaapstad het die standpunt van die Ossewabrandwag helder uiteengesit sodat hy al die aanwesiges met moed besiel het.

Komdt. N. Uys het die vryheidsvuur aangesteek waarna die gelofte herhaal is en elkeen 'n stuk hout op die vuur gegooi het.



DANS VIR PLESTIER

Maar vir persoonlike frisheid
en betowerende welriekendheid

is die antwoord

K W V

-reukwater
EN
-laventel

PRODUKTE VAN SUID-AFRIKA

Enigste Suid-Afrikaanse Distribueerders
H. J. NIEHAUS (EDMS.) BEPERK
Postbus 2108, Kaapstad.
Postbus 4883, Johannesburg.



Hfgnl. JAPIE van der MERWE

ner kwalik neem as hy verlang na sy eie vrye republiek nie.

'n Mooi aantal Brandwagte en ander Afrikaners het op die plaas saamgekom om Vryheidsdag te vier. Twee vet hamels is vir die geleentheid geslag en heerlike sosaties en vet braai-vleis is aan die gaste voorgesit.

Die middag is daar vis gevang en die is vir f1. 3s. van die hand gesit. Altesaam is daar £9. 3s. 3d. ingesamel.

Ronde klippe, netjies afgewit, is in die vorm van 'n wiel rondom die groot houtstapel gepak waar die gaste plek ingeneem het. Die 84-jarige moeder van hfgnl. Japie van der Merwe was ook aanwesig. Die skriflesing

GROTER HULP VIR BOERE

Die regering het besluit om voortaan 'n nuwe formule in te voer ten opsigte van staathulp aan boere ten einde grondbewaring op 'n gesonde grondslag te plaas.

Ingevolge van die nuwe formule, wat ruime voorsiening maak vir geldelike hulp in die stryd teen grondverspoeling, sal 'n korting of subsidie van vyftig persent toegestaan word vir alle werk wat regstreeks ter bestryding van grondverspoeling onderneem word. Dit sluit onder meer die bou van damme, die aanlê van kontoerwalle en versperings van verspoelde grond en slote in. Verder word daar ook vyftig persent subsidie toegeken vir binnekampe, saad en plante en dreinerings.

Die Departement van Landbou sal voortaan die bou van goedkeurde damme met 'n inhoudsmaat van 13 miljoen gelling subsidieer. Op die eerste £150 sal 'n korting of subsidie van vyftig persent en daarna 'n korting of subsidie van 33½ persent betaal word.

parlementêre ondervinding kan spr. hom nog nie met die Britse stelsel vereenselwig nie want onder hierdie stelsel word een deel van die verteenwoordigers betaal om te sien dat die regering nie slaag om uitvoering aan sy planne te gee nie.

FAKKELDRAERS

Nadat die voorsitter die spreker vir sy toespraak bedank het, is die Vryheidsvlam deur die fakkeldraers van die Boerejeug aangebring en aan die offisier in bevel oorhandig. Hierdie seremonie het 'n pragtige indruk gemaak toe die stralende kindergesigges deur die vlamme van die fakkels helder verlig is, terwyl Oranje Blanje Blou uit die gloed van die brandende fakkels opglink het.

Presies om 9 nm. het die offisier in bevel onder die sing van Psalm 146 vers 3 die houtstapel aan brand gestee, en almal teenwoordig op aandag geroep om drie minute lank op saluut in die Vryheidsvlam te tuur, 'n oomblik waarin al die feesgangers dwarsdeur ons land, gelyktydig die toekomstige vryheid begeer het.

Omdat ons die begeerde vryheid alleen in die vorm van 'n Republiek kan bereik, het ons met eerbied na die voorlees van die gelofte geluister, waarna die verrigtinge met die sing van Die Stem en 'n gebed afgesluit is. — (KOR.)

Nasionale Groepe Het Mekaar Nodig Meen Pers

Die afgelope provinsiale verkiesing wat 'n kragmeting was tussen die H.N.P. en die V.P. omdat een deel van die regering passief gestaan het, is die afgelope paar dae van alle kante onder die soeklig geplaas. Die gevolgtrekking oor die algemeen is dat die H.N.P. nie sonder mnr. Havenga kan klaarkom nie.

Net soos dr. Malan, leier van die H.N.P., het al die Party se blaie die uitslag beskou as 'n bevestiging van die uitslag van 26 Mei en dus van apartheid. Die ondertoon in die H.N.P.-kommentaar was egter duidelik leesbaar. Daarom verklaar Die Transvaler: „Daar kan ewewel nie ontken word nie dat menige Nasionalis hierdie keer 'n groter oorwinning verwag het." Die Burger beklemtoon die noodsaaklikheid van samesnoering van alle nasionaalgesindes.

Dr. Malan verklaar o.m.: „As alles in aanmerking geneem word beskou ek die uitslag van die verkiesing as hoogs bevredigend. Die apartheidbeleid is bevestig, en daarmee sal voortgegaan word."

Die Vaderland, mondstuk van mnr. N. C. Havenga, verklaar: „Die vernaamste les van die verkiesing wat in alle kringe erken word, is dat die nouste samewerking tussen alle nasionaalgesinde partye 'n groot noodsaaklikheid is as nasionaalgesinde Suid-Afrika sy posisie wil handhaaf en verbeter." Die blad vervolg: „In die Paarl... sou die posisie nog gered kon word ten spyte van die soliede blok kleurlingstemme as die O.B. gestem het. Dit is egter een van die kiesafdelings waar die H.N.P. die prys betaal het vir onenigheid."

TERUGGEGLY

Nadat die blad aangetoon het dat die H.N.P. in verhouding tot verlede jaar 91 setels moes verower het in plaas van die 87, skryf Die Vaderland in 'n hoofartikel: „Die slotsom is duidelik: agter dr. Malan is die nasionaalgesinde Afrikanerdom besig om terug te gly. En dit is nie te verwonder nie waar die geskiedenis ons die duidelike les leer: dat die Afrikanerdom nog nooit in staat was om alleen te regeer nie."

„Laat ons dan twee lesse leer uit die volk se uitspraak. Die eerste is dat dit moontlik gemaak moet word vir elke

Afrikaner om sy krag met geesdrif in die skaal te gooi in toekomstige kragmetings, wanneer hulle kom. Soos iemand dit onlangs uitgedruk het, laat die takbok trots wees op sy pragtige horings maar darem nie vergeet dat sonder sy dun beentjies hy tog nie die slag kan lewer nie. En tweedens, laat ons ons daarby neerlê dat die volk in huidige omstandighede nie gediend is met radikale wetgewing nie."

SOU PARLEMENTER VERLOOR HET

Die Cape Argus verklaar dat die H.N.P. geen mandaat by hierdie verkiesing gekry het nie en dat die resultate toon dat die gety teen die Nasionale gedraai het.

Die Cape Times verklaar: „Die Nasionale is bitter teleurgestel met die uitslag van die provinsiale verkiesing omdat hulle nie net setels verloor het nie, maar ook stemme. Hiervoor blameer die Nasionale die Afrikanerparty en die Ossewabrandwag." Hy kom tot die slotsom dat die syfers toon dat die H.N.P. die verkiesing sou verloor het indien dit 'n algemene verkiesing was, met naamlik 76 setels teenoor 77 van die V.P.

Onder 'n sewe-kolom opskrif skryf Die Suiderster: „Die diepere betekenis van die provinsiale verkiesing... word in die hoogste politieke kringe ontleed as 'n stembus-neerlaag vir dr. Malan en sy regering. As hierdie verkiesing, pleks van provinsiaal te wees, 'n algemene parlementêre verkiesing was, sou die Malan-regering moes bedank het. Dr. Malan sou in daardie omstandighede 'n minderheid van drie in die volksraad gehad het."

HET MEKAAR NODIG

Nadat daar 'n ontleding van die verkiesing gemaak is, kom die onafhanklike blad Dagbreek tot die volgende slotsom: „Die

verkiesing het bewys hoe onmisbaar die twee (A.P. en H.N.P.) vir mekaar is. Sonder die H.N.P. sal die A.P. op geen enkele setel enige indruk maak nie. Sonder mnr. Havenga weer kan die H.N.P. in die lig van Woensdag se uitslag, dit nouliks waag om met die V.P. aanmekeer te spring oor die landsregering."

HET MAG

Die Weekblad verklaar: „Die uitslag van die provinsiale verkiesing beteken niks meer of minder as dat die twee groot partye gefaal het wat hulle ten doel gestel het nie. Die Afrikanerparty met mnr. N. C. Havenga aan die hoof sit nog steeds met die magsewewig in sy hande. Dit sal volkome van mnr. Havenga en sy volgelingen afhang wat gedurende die volgende paar maande op die politieke terrein gaan gebeur."

DR. GROBBELAAR OORLEDE

Die Ossewabrandwag het 'n baie ywerige offisier verloor deur die afsterwe van dr. P. E. Grobbelaar van Kuilsrevier, wat Saterdagoggend, 12 Maart, plotseling aan hartverlamming beswyk het. Die oorledene was een van die geesdriftigste lede van die O.B., wat nooit geaarsel het om sy hand diep in sy sak te steek vir sy oortuiging nie. Hy was voorheen hoofkommandant op Ceres en by sy heengaan adjutant van die kommandant. Toe dit bekend geword het dat



Dr. P. E. GROBBELAAR

hy na Stellenbosch binnekort sou verhuis, is besluit om hom adjutant van die generaal van Stellenbosch te maak.

Die begrafnis het plaasgevind vanuit die Moederkerk te Stellenbosch op Sondag, en is waargeneem deur ds. T. C. B. Stofberg, wat uit Psalm 103 gepreek het. Syeerw. het o.a. beklemtoon dat die oorledene met groot warmte geywer het vir die jeug en sy volk.

By die graf het dr. W. J. R. Viljoen, 'n jeugvriend en kollega, gespreek en die oorledene se eerlikheid, opregtheid en pligsgetrouheid gelooft. Hy was dan ook gekies as ondervoorzitter van die professie se genootskap, waar hy 'n krag was. „Hy was 'n idealis wat sy volk liefgehad het," het spr. gesê. 'n Weduwee en twee kinders word nagelaat. Hulle is verseker van die meegevoel van die O.B.

Erkenning Voorspel Samewerking

(Vervolg van bl. 1)

sprekendes beteken dat Engelse mnr. Havenga se deelname. Dit beteken dan verder dat die steun op 26 Mei verkry is deur bondgenootskap sal moet voortbestaan indien daardie steun vir die toekoms verseker moet word. Indien mnr. Havenga homself laat oplos in die H.N.P. is dit vanselfsprekend dat hy nie die steun van die Engelse verder sal kan trek nie, tensy hy leier van die nuwe party word. As 'n blote individuele lid van die regering, is dit te betwyfel of hy die wantroue van die Engelse teen die Broederbond-H.N.P. sal kan beseer.

NIE DIESELFDE

Die gevolgtrekking van Die Burger dat die uitslag van 9 Maart „wesenslik" dieselfde is as dié van 26 Mei, is nie gegrond nie, maar daar kan aangeneem word dat die H.N.P. nie hardop sal sê wat hy hieroor dink nie. Die feit bly immers dat die H.N.P. die stryd sou verloor het indien dit 'n parlementêre verkiesing was — slegs die twaalf ekstra provinsiale setels in die Vrystaat het die skaal in hul guns deurgetrap op 9 Maart. Indien die H.N.P. hierdie feit besef tesame met die feit dat die nasionale kragte moet verenig, kan daar verwag word dat die stryd teen mede-nasionaalgesindes hom in die toekoms nie weer voor 'n verkiesing sal herhaal nie. Dit was waarskynlik juis die idee dat die Engelse vir die H.N.P. sou stem wat veroorsaak het dat die H.N.P.-leiding bereid was om oor ondergeskikte geskille nasionale Afrikaners van deelname aan die verkiesing uit te sluit.

BROEDERBOND

Die erkenning dat die Engelse meer besorgd is oor die Broederbond as oor apartheid, bring ook 'n nuwe faktor in gedrang.

STEMME DAAL MET 10 PERSENT IN VRYSTAAT

Vergelykende syfers in die Vrystaat ten opsigte van die stemmetal wat die H.N.P.-A.P. gedurende Mei 1948 en wat die H.N.P. in Maart 1949 behaal het, toon dat die H.N.P. toe hy alleen gestaan het, minder stemme getrek het as 'n jaar gelede toe mnr. Havenga aktief aan die verkiesing deelgeneem het.

In 1948 het die regeringskombinasie saam 68,141 stemme op hulle verenig. Vanjaar het die H.N.P. 63,000 stemme getrek, dus 5,019 minder as 'n jaar gelede.

Om dit met die krag van die V.P. te vergelyk: In 1948 het die Verenigde Party 29,588 stemme gekry teenoor 26,002 vanjaar, m.a.w. 3,586 minder as verlede jaar.

Hierdie verminderings spreek luider as in aanmerking geneem word dat die kieserstal met nagenoeg 3 persent vermeerder het in die afgelope jaar.

In die verlede was die groot argument teen O.B.-lede se deelname juis dat hulle Engelse stemme sou weggaa. Nou dat die H.N.P.-mondstuk self erken dat die Engelse in die eerste plaas bekommerd is oor die Broederbond, kan aangeneem word dat hulle die O.B. en die Broederbond op partypolitieke gebied oor minstens een kam sal skeer — of albei se lede sal toegelaat word om deel te neem. Uitsluiting is moeilik te bedink, aangesien dit die grootste deel van die kabinet sal tref.

Ons wil dus vertrou dat die O.B.-gogga nou ook iets van die verlede is, en dat samewerking vir die toekoms gewen is.

Verkiesing Bewys

(Vervolg van bl. 1)

ower. Op 9 Maart het die H.N.P. maar 75 volksraadsetels gewen — uitgesonderd Gezina.

Die H.N.P. het dus op 9 Maart wat uitgebragte stemme sowel as setels betref heelwat swakker gevaar as die H.N.P. en die A.P. saam op 26 Mei gevaar het. Die gevolg is 'n skaakmat — in Transvaal en Vrystaat oorheers die H.N.P. in die provinsiale rade maar in Kaapland en Natal oorheers die V.P.

Ten spyte dus van die feit dat daar ongeveer 30,000 meer kiesers op 9 Maart kon stem, het die H.N.P. hoegenaamd niks verbeter op die gesamentlike prestasie van 26 Mei nie. Trouens die H.N.P. kon nie eers daardie prestasie handhaaf nie.

Dit is derhalwe heeltemal verstaanbaar dat die leiers van die H.N.P. baie teleurgesteld is met die uitslag van die provinsiale verkiesings. Trouens, in die Party se binnekring word die uitslag as 'n morele nederlaag vertolk. Die H.N.P.-leiers en organiseerders was absoluut oortuig daarvan dat die Party minstens 98 setels sou verower. Insteede daarvan het die Party maar 87 setels gewen!

NUWE BEGIN

Ons wil die H.N.P.-leiers vra om nie te volhard in hul verbittering nie, maar om 'n les te leer uit hul eie propaganda. Na sy nederlaag op 26 Mei het genl. Smuts verbitterd geword en die H.N.P.-propaganda het hom vaderlik daaroor tereggewys en hom aangeraai om 'n sportmansgees te openbaar. Laat die H.N.P.-leiers nou ook nie verbitterd bly omdat hulle verwagtinge veridel is nie. Maar laat hulle 'n sportmansgees openbaar en ruiterslik erken dat die bewys ondubbel-sinnig gelewer is dat Afrikanersamewerking noodsaaklik is om 'n Afrikaneroorwinning by die stembus te behaal.

Staak die vyandskap van die verlede! Hou op met diskriminasie teen en miskenning van mede-Afrikaners. Laat ons almal saam 'n nuwe begin maak!

* „DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Druckery Bepert, Stellenbosch, vir die elenaars en uitgewers: VOORSLAG (EDMS.) Bepert, Grootte Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

Vrugte Van Veto

Voor die algemene verkiesing wat in Mei 1948 plaasgevind het, het die H.N.P.-kandidate in die Paarl, Noordoos-Rand en Bredasdorp, tans almal L.V.'s, skriftelike ooreenkomste met die O.B. aangegaan en onderneem dat hulle pogings sal aanwend om die steurende maatreëls teen die O.B. te laat herroep met die oog op samewerking. As gevolg van hierdie vredesluiting het al drie hierdie kandidate die steun van alle nasionale Afrikaners geniet en die setels voor die V.P. weggeruk.

In Desember 1948, toe die A.P. 'n O.B.-offisier, mnr. Max Smuts, in die Paarl as hul kandidaat benoem, het die H.N.P.-leiding geweer om hom te steun omdat hy 'n O.B. is. Hierdie in die gesig klap van mede-Afrikaners waarteen die betrokke here, so ver ons kennis strek, nooit in die openbaar beswaar gemaak het nie, niteenstaande hul ondernemings, het O.B.-lede laat besluit om nie deel te neem aan die provinsiale verkiesing nie.

Die gevolg: op 9 Maart het die H.N.P., toe hy alleen wou veg teen die V.P., aldrie hierdie setels ingeboet.

Die O.B. verheug hom nie oor hierdie nederlaag van nasionale Afrikaners nie, maar as dit die H.N.P. kan oortuig dat ook elke O.B.-krag in die stryd onontbeerlik is, en hierdie les sodoende tot samewerking kan lei, sal die verlies van Paarl, Bredasdorp en Noordoos-Rand die fondament wees vir nasionale sege in die toekoms.

O.B. JAARGANGE

JAARGANGE 1946-1947 — JAARGANGE 1947-1948

Nou verkrygbaar teen £1/5/- elk

VOORRAAD BEPERK

BESTEL DUS DADELIK BY:

VOORSLAG (EDMS.) BPK.

Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad